**Verheerlik U Seun, sodat die Seun U kan verheerlik**

**Joh 17:1-5**

**11 Januarie 2026**

1. Vantevore: Na 'n kort tydjie van hartseer sal die dissipels blydskap beleef – dit realiseer op Opstandingsondag toe hulle weer die Here Jesus gesien het. In tye van hartseer moet gelowiges die Here Jesus in die geloof sien om weer blydskap te ervaar. Hierdie blydskap groei deur tot die Vader te bid, en Hy sal gee wat hulle nodig het. Hierdie blydskap is nie volmaak in hierdie lewe nie. Dit sal egter wel eventueel volmaak word en niemand sal dit van die gelowiges kan wegneem nie – want die Here Jesus het reeds die wêreld oorwin.
2. Joh 17: Jesus se verhewe Hoëpriesterlike gebed volg na bovertrekgesprek oor verhewe onderwerpe. Hierdie gebed onderstreep die evangelie is in die eerste plek Godgesentreerd, nie mensgesentreerd nie
3. Drie dele: (1) Die Here Jesus bid vir Homself (v1-5), (2) Die Here Jesus bid vir die dissipels (v6-19), en (3) Die Here Jesus bid vir die wat tot geloof sal kom (v20-26)
4. "Die uur het aangebreek" (v1): Vgl Joh 2:4, 7:6, 7:30, 8:20 met 12:23
5. Een versoek in v1-5: "Verheerlik U Seun" met twee doelwitte: (1) Sodat die Seun die Vader verheerlik (v1), en (2) Sodat die Seun weer die heerlikheid sal hê wat Hy voor skepping gehad het (v2)
    a. Heerlikheid van God = somtotaal van al God se attribute en wat Hy doen
    b. Vgl Fil 2:6-11: v6-8 = die Here Jesus se vernedering; v9-11 = die Here Jesus se verhoging/verheerliking – lei tot die heerlikheid van die Vader (v11 OAV)
6. "Net soos" (v2): Die Here Jesus het volmag oor mensdom, sodat Hy vir uitverkorenes ewige lewe kan gee
    a. Die Seun se verheerliking lei tot die Vader se verheerliking, net soos die Seun se volmag lei tot ewige lewe vir uitverkorenes, wat lei tot God se verheerliking
7. "Ewige lewe"(v3) = om God te ken en die Here Jesus
    a. Vgl Heb 8:11 – Om God te ken is deel van die nuwe verbond
    b. Om God te ken = om God se heerlikheid te ken
        i. Voor sondeval het die Here die mens in die tuin besoek
        ii. By Sinai wys die Here Sy heerlikheid (Eks 24:17)
        iii. Aan Moses wys die Here Sy heerlikheid – goedheid, Sy Naam (Eks 33:18)
        iv. Die Here se heerlikheid vul die tabernakel
        v. Die Here Jesus openbaar die heerlikheid van die Vader (Joh 1:14, Luk 2:13, 14, Joh 2:11, 11:4, 2 Pet 1:16-17)
        vi. Sal die Here Jesus sien soos Hy werklik is (1 Joh 3:2)
        vii. Die aarde sal gevul wees met die heerlikheid van God (Hab 2:14)
8. Die Here Jesus het die Vader se werk voltooi (v4), en die gevolg is verheerliking van God en die Here Jesus in die hiernamaals
    a. Inhoud van verheerliking = die Here Jesus se werk (Op 15:3b-4, 19:1, 6-7)
9. Toepassings
    a. Gebed is nie instrument om God se plan te verander nie, eerder om te pleit dat God Sy plan sal laat realiseer
    b. Die Here Jesus se gebed is belyn met die Onse Vader se eerste 2 bedes – behoort ook in ons gebede na vore te kom
    c. Ewige lewe is meer as ewige sondelose bestaan saam met God – dit is om God waarlik te ken en te verheerlik